

**20 November**

**Skrifgedeelte: Handeling 2:36-42**

**Fokusgedeelte: Handeling 2:36-42**

Tref dit ons as kerkverband en vir jou persoonlik nog diep in die hart dat Jesus jou Verlosser, *Here en God se Gesalfde* is (vs 36)? Of is hierdie verlossingswaarhede vir ons al só oorbekend dat dit ons glad nie meer raak en jou dae glad nie meer beïnvloed nie?

Op die dag van die Pinksterfees is die Heilige Gees uitgestort. Die kerk van die Here ontvang die volle vrug van Jesus Christus se verlossingswerk. Ons bely in die Nagmaalsformulier dat die Here Jesus met sy kruisdood en bloedstorting vir ons die lewendmakende Gees verwerf het. Deur die werking van die Heilige Gees kry die ware kinders van God deel aan Christus en al sy weldade en ontvang hulle vertroosting. Deur die werking van die Heilige Gees word die heerskappy van Jesus as Here 'n onbetwisbare werklikheid en ontvang die ware gelowiges die vrug van Jesus se werk as God se Gesalfde (lees Jes. 61:1-3). God die Vader maak Jesus Here en Christus, en deur die werking van die Heilige Gees kry die ware gelowiges deel aan die werk van Jesus as Heerser en as God se Gesalfde.

Dit tref dié mense wie se harte deur die Here voorberei is vir die prediking van die apostel Petrus, diep in hulle gemoed. Iets kom los in die koue, harde harte van dieselfde mense wat Jesus dae vantevore nog gekruisig het, en hulle vra: "Wat moet ons doen, broers"? Petrus se antwoord roep die mense op tot geloofseenheid met die Here Jesus. Deur bekering draai hulle van die sonde af weg en stel hulle hulself deur die werking van die Gees onder die heerskappy van die Here Jesus en ontvang hulle in hulle geloofseenheid met die Here Jesus die nuwe lewe. Die sondige bestaan is beëindig en in Jesus se opstandingskrag gaan hulle oor tot 'n nuwe lewe! Deur die werking van die Heilige Gees neem die mense die prediking van Petrus aan – hulle kom tot ware geloof (vs 41): nie 'n formele geloof nie, maar lewende, saligmakende geloof! En as vrug van hulle geloof volhard hulle in die ware leer, leef hulle as medegelowiges in die eenheid van ware liefde saam en volhard hulle in gebed.

As kerkverband besin ons oor 'n "omkeerstrategie". Mag die beginpunt van ons "omkeer" daarin lê dat ons opnuut diep geraak word dat Jesus ons Here en God se Gesalfde is. Mag ons koue, harde harte deur die Gees van God ontvanklik gemaak word vir die verkondiging van Jesus as Here en die Gesalfde van God, en mag ons hierdie verkondiging in 'n ware, lewende, saligmakende geloof aangryp. Mag die Here ook die heerlike vrug van hierdie geloof in ons kerke en in jou lewe gee: volharding in die suiwer leer, volharding in die eenheid van ware liefde en volharding in gebed. Só word die kerk van Christus – so word jý – 'n stem wat lok, roep en trek en so sal almal wat God deur ons roep, deelgenote van die heerlike, volle vrug van Jesus se verlossingswerk word! Tot sy lof en eer!

*Sing: Skrifberyming 3-3:1-6*

*Ds. JC (Jannes) van Dyk (Ventersdorp)*